

15

TELEVISIEPROGRAMME

Hoe kyk ons na televisieprogramme?

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers en die kinders leer dat gelowiges televisieprogramme moet kies wat vir hulle opbouend is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- om televisie te kyk, is nie sleg nie.
- daar is televisieprogramme wat nie geestelik en emosioneel opbouend is nie.
- ons mag nie slawe word van enigiets nie.
- God se Gees bly in ons en gee ons die insig om goeie keuses te maak.

Gesindheid

Die kinders moet –

- God vertrou dat Hy hulle insig gee om goeie keuses te maak.
- God toelaat om hul lewens te beheer.

Vaardigheid

Die kinders moet saam met hul ouers 'n televisierooster saamstel wat vir hulle opbouend sal wees.

MEER INLIGTING (1 Korintiërs 6: 12-20)

Televisiekyk is op sigself nie sleg nie. Sonde is nie in dinge soos televisies, ensovoorts, vasgevang nie. Dit lê in ons eie harte en ingesteldhede. Daar is televisieprogramme wat inhoudelik nie geestelik en emosioneel opbouend is nie. Daar is selfs programme wat afbrekend en skadelik vir kinders kan wees. Die uitsaaiwese help kinders en ouers om te

onderskei deur ouderdomsbeperkings by sekere programme aan te dui. Dit moet deur almal gerespekteer word.

Een van die kenmerke van die Christelike geloof is dat ons vrygemaak is van sonde en skuld. Ons het ook die vryheid om enigiets wat van God af kom, te gebruik en te geniet. Ons moet net nie hierdie vryheid misbruik en onself of ander daardeur te na kom nie.

In 1 Korintiërs 6: 12-20 word die versoeking om jou liggaam te misbruik, voorgehou as 'n voorbeeld om aan te dui dat ons slawe kan word van die dinge wat eintlik mooi en opbouend vir ons kan wees. Geen mens is gevrywaar van die versoeking om verslaaf te raak aan dinge wat op sigself nie skadelik hoef te wees nie. Die televisie is nie sleg nie. Die vervaardigers van sekere programme steur hulle egter nie daaraan dat die inhoud daarvan vir mense skadelik of afbrekend kan wees nie. Hulle is bloot ingestel op geld en sensasie. Sommige probeer doelbewus om mense te skok deur inhoude aan te bied wat teen ons Christelike waardes is. Gereelde blootstelling aan geweld, seksuele losbandigheid en afstootlike taal stomp mense af. Sonder om daarvoor na te dink, word dit deel van so 'n persoon se eie leefstyl. Dit is skadelik vir die persone self en vir die mense rondom hulle.

Wanneer daar nie goeie beheer is oor watter programme 'n mens kyk en hoe gereeld 'n mens televisie kyk nie, kan dit verslawend word. Deur te veel televisie te kyk, verwaarloos jy jou eie verantwoordelikhede. Jy skeep jou skoolwerk af en maak nie tyd om goeie verhoudings met jou vriende en gesin te bou nie. Op dié manier word televisie jou baas. Dit is belangrik dat jy saam met jou ouers sal besluit hoe gereeld en watter programme jy op televisie gaan kyk.

Daar is mense wat sê hulle kan doen wat hulle wil. Hulle dink dat hulle vry is, maar in werklikheid is hulle slawe van hul eie begeertes. As 'n mens 'n Christen is, kom woon die Heilige Gees in jou. Hy beheer jou lewe. Jy is aan Hom gehoorsaam. Jy luister na sy wil vir jou lewe. Dan geniet jy ware vryheid.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Vraelys vir elke gesin.
- 'n Pen of potlood per gesin.

KOM ONS BEGIN

Een van die kinders of een van die ouers kry geleentheid om met 'n gebed te open, of doen dit self.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat een of twee gewillige kinders dit wat hulle neergeskryf het oor probleme wat hul ouers ervaar het en hoe die Here dit ten goede verander het, voorlees.
- Vra die vrae en laat die kinders dit antwoord:
 - Wat het die Here aan die Israeliete belowe? (*Die land Kanaän.*)
 - Wie het die voorreg gehad om die land in te trek? (*Dié wat op die Here vertrou het.*)

- Wat het geword van dié wat nie op Hom vertrou het nie? (*Hulle is dood voor hulle kon intrek.*)
- Wat doen God wel as hy nie ons probleme wegneem nie? (*Hy gee ons die krag om dit te hanteer.*)
- Ons moet die Here steeds vertrou al ... (*...lyk die toekoms donker.*)
- Wat verseker ons dat ons aan God behoort en op Hom kan vertrou? (*Ons doop.*)
- Laat enkele kinders Numeri 14: 18a mondeling voltooi: *Ek, die Here, is lankmoedig en vol liefde; Ek ... (vergewe ongeregtheid en oortreding.)*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Dit sal altyd 'n goeie toets wees om elke keer wanneer jy na 'n televisieprogram kyk, vir jouself die vraag te vra of Jesus welkom sou wees en gemaklik saam met jou op die bank sou kon sit en die program maar saam met jou kon kyk. 'n Eerlike antwoord sal vir jou 'n duidelike aanduiding wees of die program goed is vir jou.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo. Maak 'n volledige opsomming en dra dit aan die groep voor of lees die hele gedeelte gevoelvol voor.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende:

- Die Here gun dit vir ons om vermaak te geniet.
- Ons moet toelaat dat Jesus ons lei om die regte vermaak te kies.
- Ons moet programme kies wat opbouend is vir ons.
- Jou ouers gee om vir jou. Vra hul opinie en leiding wanneer jy televisieprogramme kies wat jy graag wil kyk.
- Te veel televisiekyk kan –
 - jou gesinsbande, vriendskapsbande en ander gesonde ontspanning laat uitrafel.
 - veroorsaak dat jy jou verantwoordelikhede soos huiswerk doen, huislike pligte nakom, ensovoorts, laat verwaarloos.
 - jou verslaaf maak aan televisie.

IETS OM TE DOEN

- Elke lid van die gesin kies 'n televisieprogram wat hy of sy graag kyk of wil kyk. Elkeen se keuse word dan beoordeel aan die hand van die vereiste *Kan Jesus langs my sit?*

KAN JESUS LANGS MY SIT?			
	Positief	JA	NEE
1.	Is daar gesonde humor in die program?		
2.	Is daar 'n goeie, opbouende boodskap wat oorgedra word?		

3.	Kan jy gemaklik ontspan wanneer jy na die program kyk?		
4.	Sal my ouers/ander gesinslede ook die program kan geniet?		
	Negatief	JA	NEE
1.	Word daar afstootlike taal en vloekwoorde gebruik?		
2.	Is daar oormatige geweld in die program?		
3.	Word daar spot gedryf met die Here?		
4.	Is die boodskap afbrekend?		

Wanneer daar oorwegend meer JA-antwoorde op die positiewe vrae, en oorwegend meer NEE-antwoorde op die negatiewe vrae in die tabel is, het die program die toets geslaag en kan dit maar gekyk word.

- Die gesin moet nou koppe bymekaar sit en bepaal wanneer en hoe lank daar daaglikse televisie gekyk mag word. Afhangende van die kinders se ouderdomme en aktiwiteite, mag die tydsduur van kind tot kind verskil.

BY DIE HUIS

Doen

Laat elke gesin tuis gaan bepaal hoe hulle in die toekoms seker gaan maak dat televisieprogramme volgens die vereiste van *Kan Jesus langs my sit?* beoordeel en gekyk gaan word.

Leer

Laat die kinders Galasiërs 5: 25 gaan memoriseer: *Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.*

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 541: 1 as gebed.

*Ons bring aan U, Heer Jesus, ons lof en dank en eer.
Ons wil U met ons lewe, terwyl ons jonk is, eer.
Beheer ons hart en lewe, o Here, deur u Gees.
Laat al ons doen en late vir U 'n vreugde wees.
Amen.*

Belangrik: Verduidelik vroegtydig aan die dominee wat volgende Sondag gaan gebeur met die voetprojek en vra dat hy dit in sy afkondigings moet inwerk. Dit kan vir hom ook dien as preektema: *In die voetspore van Jesus.* (Sien IETS OM TE DOEN: Voetprojek by die volgende les in die kategeet se boek.)